Aandag word ook gegee aan die inrigting van fasiliteite vir Maatskaplike Werk in die Flippie Groenewoud-gebou, die inrigting van fasiliteite in die Benito Khotseng-gebou vir senior professore en omvattende verbeteringe aan die UV-Sasol-Biblioteek.



Die nuwe koshuise in aanbou op die Bloemfontein-kampus. – Foto: Hannes Pieterse



# Growing Bloemfontein

28

The Bloemfontein Campus of the University of the Free State is a fast developing nucleus in the City of Roses. This aerial photo was taken during the year. The rest of the photographs date back to 1914 and 1970.





# hub in





# Thought-provoking lectures at Business School

30

Dr Reuel Khoza

**T**he UFS Business School presented thought-provoking and insight-bringing lectures during the course of 2012.

The Protea coach, Gary Kirsten, took part in an interview session led by Prof. Johann Coetzee, Extraordinary Professor at the Business School. He shared his philosophies and management style with the audience and took the audience through the challenges he had faced as coach of the Indian cricket team. The audience got a glimpse of the person often seen on television screens and they travelled with him from his childhood days at the Newlands Cricket Ground to his days in New Delhi as head coach of the Indian team.

His central driving force was: "Can I make a difference in someone's life? It is an incredible privilege to make a difference in people's lives. You must create an environment for people to enjoy the game, challenge each other and thrive."

Dr Reuel Khoza, Chairman of Nedcor, addressed the issue of visionary leadership and said some leaders lose touch with their people and become leaders in limbo and perish. Great leaders ensure their replacement. Business leadership without secession spells doom.

He also emphasised the necessity of leadership development for the youth. Without this, there will be no future. "The future of the nation resides in the youth."

Zelda la Grange said the retired President's principles were important for business. Ms La Grange, the right hand of Mr Nelson Mandela for 18 years, shared some of his principles and said: "Respect a person's time. That is the ultimate show of respect for a human being."

She was Mr Mandela's private secretary and became his private assistant on his retirement. At a lunch-time lecture she shared her life with the global icon and believes his principles are also good business ethics.

Some of the principles are: the better thing to do is the right thing to do; if you are late, you are disrespecting other people; and the way you approach people determines the way they will treat you.





Prof. Helena van Zyl (left), Director of the Business School, and Zelda la Grange



# UFS makes a difference

By Lacea Loader

In support of its Human and Academic Projects, the UFS has initiated several projects to enhance the quality of teaching in schools in the Free State.

In the **Schools Change Project**, 21 underperforming high schools in the areas surrounding the UFS are part of a unique intervention project intended to turn around the learner performance of these institutions, especially in the last three grades of high school, leading to the senior certificate examination. Expert teachers and experienced principals work alongside the teachers and resident principal and his/her school management team to enhance their capacity. Benefits of the project include massive improvements in the 2011 Grade 12 examinations in schools such as Bainsvlei Combined School, which had a 14,3% pass rate in 2009. In 2011 the school achieved a pass rate of 100%.

The **First Generation Student Project** identifies academically talented Grade 10 and 11 learners from the 21 schools in the Schools Change Project who have the potential to become first-generation university students, exposing them to a rigorous learning programme in which they develop the academic literacy skills needed to be successful at university. This is done by completing, over a two-year period, one first-year university course for which the learners will receive credit. The first intake was in 2012. Classes take place on Saturdays and during the holidays so as not to interfere with the school curriculum.

With the **ICT innovation in school education (ICTISE)** project the UFS, in cooperation with the Free State Department of Education, is advancing education through the innovative use of information and communication technology in teaching, learning, and leadership in schools and the sustainable support thereof. One of the main initiatives is the Internet Broadcast Project, through which live interactive curriculum support is provided to Grade 10-12 learners

and teachers in 68 schools in the province over the internet by means of weekly broadcasts of subjects such as Mathematics, Physical Science and Accounting by expert teachers. These lessons are made available for free to download after the broadcast.

The **Family Math and Family Science programme** of the university's School of Open Learning helps to demystify Mathematics and Science for learners and parents in the early school years by raising their levels of understanding and changing their attitudes towards these two subjects. This is done by exposing learners to Mathematics and Science activities on a regular basis in the classroom and integrating the activities into the curriculum. The Grade 3 learners and parents of 20 feeder schools of the 10 FET schools in the Schools Change Project in Thaba Nchu and Botshabelo will implement this programme from the beginning of 2013.

The **University Preparation Programme (UPP)** offers alternative access into mainstream university studies. The programme, presented at the South Campus in Bloemfontein, offers a 10-subject strategic programme in human and social sciences, natural and agricultural sciences and economic and management sciences. Students also follow compulsory basic skills and competencies and academic literacy courses. Since 1993, more than 4 500 students have successfully completed the programme and gone on to degree studies at universities. Since 1996, 2 051 students obtained degrees at the UFS via the UPP.

The university's involvement in the **Extreme Make-over for Schools Change Project** includes a partnership with the Free State Department of Basic Education and the Bloemfontein business community, to work together to launch the first of a number of newly upgraded schools to learners, teachers and the community. Bloem-Oos Intermediary School is the first school in Bloemfontein to undergo an extreme makeover. The school has, among other things, been refurbished, fenced, bathrooms have been upgraded and a classroom has been turned into a library.





# UFS Business School one of the best in SA

**T**he UFS Business School is one of top business schools in South Africa in a survey by *Finweek* and MBAConnect.net.

MBAConnect.net is the biggest social network for MBAs in South Africa.

More than 10 000 MBA graduates and students were invited to take part in the survey and 1 575 of them completed it. More than half of the respondents are in senior or executive positions.

The respondents rated the school as the school with the highest percentage of respondents saying they had

definitely made the right choice in doing an MBA: second with 92% (average 86%)

The UFS Business School shared first place with its alumni averaging the shortest payback period amongst those who thought the MBA was worth it. Its score was 1.1 years (average 1.8 years)

The report says across all schools, at least 73% of students report a negative impact on their stress levels. In the worst case, this goes up to 94%. The impact on the UFS's students was the lowest at 18%. The average was 81%. At least a quarter of students in all schools report a negative impact on their health, and it goes up to 47% in the worst case. The UFS got 0 (nil) in the category for serious impact.

**B**

33



## All the way from Europe

The quality of the programmes of the Business School and the valued interaction between staff and students were also noticeable in the fact that three of the graduates travelled all the way from Europe to take part in the graduation ceremony.

Two of them were exchange students who were so captivated by the university and the country that they undertook their MBA studies at the Business School. Friederike Hackelberg of Bremen, Germany, was an exchange student in 2008 and extended her stay to do an MBA. Johanna Kössler of Bolzano, Italy, was also an exchange student who succumbed to the charms of the

UFS and South Africa. She brought her parents, George and Nannie, and her sister, Magdalena, with her to attend the graduation ceremony.

Kasina Baker of Warsaw, Poland, began her studies while her husband was working in Kenya. She wanted to study at a quality institution and thus chose the UFS's Business School.

**B**

**Smiles on an important day. From the left: Kasina Baker, Friederike Hackelberg and Johanna Kössler.**

– Photo: Stephen Collett.

# Jaco Jacobs skep avonture vir jongklomp

34

**M**eer as 70 boeke uit sy pen het al die lig gesien en daar is nog baie avonture vir die oud-Kovsie en bekroonde kinderboekskrywer Jaco Jacobs om op papier vas te lê. Jaco, wat in 2002 sy studies aan Kovsies voltooi het, het reeds 12 ATKV-toekennings agter sy naam en vroeër in 2012 is van sy boeke in die skrywerskamer van ons Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans opgeneem. **Amanda Tongha** het met hom gesels oor sy skryfwerk.





## Wat geniet jy van kinder- en jeugboeke skryf?

Ek dink ek geniet veral die vryheid wat 'n kinder- en-jeugboekskrywer het. Jy kan regtig vrye teuels aan jou verbeelding gee. Ek sê altyd grootmense is al daaraan gewoond om verveel te word – ons wag elke dag in vervelinge rye, vul vervelinge vorms in, doen dikwels vervelinge dinge by die werk. Daarom gee grootmense dikwels ook nie om om vervelinge boeke te lees nie. Kinders is anders. Jy moet hulle op elke bladsy boei met die storie, anders verloor hulle belangstelling daarin. Dit is 'n lekker uitdaging vir 'n skrywer.

## Jy is 'n bekroonde skrywer. Wat is jou suksesresep of die suksesresep om 'n goeie kinderboekskrywer te wees?

Sommige skrywers hou nie daarvan om dit te hoor nie, maar ek glo die suksesresep is: Ken jou mark. Weet vir wie jy skryf. Lees genoeg kinder- en jeugboeke sodat jy weet hoe die hedendaagse mark lyk en wat kinders deesdae lees. Sodoende kan jy jou kreatiwiteit in 'n “bemarkbare” vorm giet.

## Watter boeke het jy as kind gelees? Watter boeke geniet jy nou?

Ek het op 'n Karoodorpie, Carnarvon, grootgeword en letterlik die biblioteek van hoek tot kant deurgelees. Ek was as kind veral mal oor avontuurverhale, grilboeke en spookstories, en jy kan my as volwassene steeds in 'n wip vang met die nutste Stephen King-roman! Van my ander gunstelingskrywers is Marlene van Niekerk, J.M. Coetzee, J.K. Rowling en Jonathan Safran Foer.

## Op wie toets jy jou boeke?

Ek het in Februarie vanjaar (2012) die pa van 'n baie oulike babadogtertjie geword. Ek het my reeds voor haar geboorte voorgeneem om nie eendag my boeke op haar te probeer “toets” nie – soos ek kinders ken, gaan sy in elk geval heel waarskynlik nie eendag dink haar pa se boeke is baie *cool* nie! My uitgewer stuur my manuskripte meestal voor publikasie vir jong lesers om daarop kommentaar te lewer, wat dikwels help om die eindproduk meer lesersvriendelik te kry. Maar eintlik skryf ek primêr vir die kind wat ek self as elfjarige was – die leesmal outjie wat drie of vier keer 'n week biblioteek toe is om 'n stapel lekker boeke te gaan uitneem.

## Vertel 'n bietjie van jou familie.

Ek en my vrou, Elize, en ons dogtertjie, Mia, woon in Bloemfontein. My pa boer steeds by Carnarvon. Ek het verlede jaar 'n huis daar gekoop, en dalk keer ons in 'n stadium terug soontoe.

## Skryf jy ook “grootmensboeke”?

Ek skryf gereeld rubrieke vir volwassenes, en van my kortverhale vir grootmense het al saam met ander skrywers s'n in versamelbundels verskyn. Tot dusver het ek as skrywer egter nog nie die stamina gehad om 'n volwasse roman aan te pak nie. Dis nog 'n lekkerte van kinderboeke – die feit dat dit korter is. My aandagspan is nie baie lank nie!

## Wanneer het jy geweet jy wil 'n skrywer wees?

Die eerste keer toe ek 'n boek vasgehou het waarin een van my stories gepubliseer is. Dit was in my graadnegejaar, as ek reg onthou, en die boek was 'n bundeltjie met bekroonde verhale van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging se jaarlikse skryfkompetisie.

## In watter jaar was jy by Kovies en wat het jy geswot?

Ek was van 1999 tot 2002 'n Koviesie. Ek het B.A. (Kommunikasiekunde) geswot en my honneurs in Afrikaans en Nederlands gedoen.

# The “Spear” fleshed out in conversation

The UFS created an opportunity to flesh out the perspectives and views on the controversial painting by artist Bret Murray, *Beyond the Spear*. The painting caused high drama in South Africa with Sunday newspaper City Press and its editor as well as the Goodman Gallery in the firing line.

What were South Africans left with after *The Spear*? More importantly, what did we learn from *The Spear*? These were the issues discussed at the seminar hosted in conjunction with acclaimed journalists.

They were Mr Justice Malala (political analyst, journalist and host of the news show, *The Justice Factor*), Mr Nic Dawes (editor-in-chief of *Mail & Guardian*), Mr Max du Preez (investigative journalist and political columnist) and Ms Ferial Haffajee (editor of *City Press*). They presented their views and experiences on the public’s perceptions of the artwork.

Prof. Jonathan Jansen, Vice-Chancellor and Rector, said of the purpose of the seminar, “This being South Africa, there will be more ‘Spears’. More public crises will unfold that divide the nation and that will stir the emotions. We need to understand what happened so that we are better prepared to deal with the coming ‘Spears’.”

Issues of leadership, South Africa’s hurtful past and the freedom of expression were some of the topics raised by the panellists.

“This has taught us that South Africans – especially the older generation – still need to vent their anger... White South Africa must be patient and allow black citizens to shout at them,” said Mr Du Preez. He warned that this anger should serve a constructive purpose. Politicians would do anything, including messing with the country’s stability, to further their own interests. “From now on we need to be far more alert, far more cynical about our politicians.”

Mr Dawes said the debates around *The Spear* were very painful considering where the nation had come from. The painting opened up painful pasts and difficult spaces. “It is up to the media to open up these difficult spaces.” The painting also brought up questions of how South Africans deal and live with pain. “South Africa must live with its past. The debate should now be how to preserve space for the country’s ghosts and how its citizens could get the resilience to deal with it.”

Ms Haffajee, who was caught in the crossfire between freedom of expression and human dignity and who refused to remove a picture of the painting from the *City Press* website, said that the media was viciously played by politicians. “This had shown that achieving freedom took many lives, but it took very little to kill it.” She said *The Spear* was art that it is part of a rich cultural heritage of protest art.

Mr Malala said with the debates around *The Spear*, something died in South Africa. “The debate was taken away from us. We let politicians get to us.”

For the podcast of the discussion, go to:



Photo: Discussing weighty issues at the UFS were from left: Nic Dawes, editor-in-chief, *Mail & Guardian*; Justice Malala: political commentator and newspaper columnist; Max du Preez: investigative journalist and political columnist; Ferial Haffajee: editor, *City Press*; and Prof. Jonathan Jansen; Vice-Chancellor and Rector.





# Navorising

# UV se nano-tegnologie bring deurbrake in kankernavorsing

Deur Leatitia Pienaar



38

**D**ie mens bestaan uit miljoene baie klein selletjies wat ons sigbaar is vir die blote oog. Die nanotegnologiespan aan die UV het 'n tegniek ontwikkel wat navorsers in staat stel om binne so 'n selletjie asook ander mikro-organismes rond te kyk. Hierdeur kan hulle 'n idee kry hoe die sel se “ingewande” lyk en waar veral metale soos goud voorkom.

Die UV-span, bestaande uit professore Lodewyk Kock (Biotegnologie), Hendrik Swart (Fisika), Pieter van Wyk (Sentrum vir Mikroskopiese) asook drs. Chantel Swart (Biotegnologie en UV Prestige Scholar), Carlien Pohl (Biotegnologie) en Liza Coetsee (Fisika en UV Prestige Scholar), het tot hul verbasing gesien dat die binnekant van selle uit 'n doolhof klein tonnelljies of blasies bestaan. Elke tonnelljie is sowat 100 en meer nanometers in deursnee, sowat een tienduizendste van 'n millimeter, wat in 'n doolhof deur die selle vleg.

'n Deel van die deurbraak is gedoen met die NanoSAM -apparaat by die Departement Fisika, wat aangekoop is met geld wat vanaf die NRF/DST NNEP-program ontvang is.

Prof. Kock sê die vraag was: wat maak hierdie tonnelljies in die sel? Is dit selorganelle (insluitsels) wat die sel aan die lewe hou?

Intussen is ontdek dat dit die “longe” van die selletjies is en hierdie ontdekking kry die nodige internasionale

erkenning deur vir die hele 2013 op die omslag van die 12 uitgawes van die top-gisjoernaal FEMS Yeast Research uitgebeeld te word. Die artikel is in Oktober 2012 aanlyn geplaas op: <http://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1111/j.1567-1364.12004.x/abstract>.


UV-navorsers voel soos Theseus uit die Griekse Mitologie op soek na die Minotaur in 'n doolhof van tunnels met slegs Ariadne se garingdraad om hul weg terug te vind om hul bevindings bekend te maak.

Groot wêreldwye belangstelling rakende hierdie deurbraak word ondervind. Veral die beroemde Mayo-kliniek in die VSA wil nou saam met die UV werk om veral in meer detail binne kankerselle te kyk om sodoende hierdie siekte te bestry. Die Nasionale Kanker Instituut van die VSA het ook sy belangstelling uitgespreek.

Hy het op uitnodiging van dr. Debabrata Mukhopadhyay, pionier van nanomedisyne aan die beroemde Mayo Kliniek (Rochester, VSA), 'n openingslesing by die 5<sup>th</sup> Mayo Clinic Angiogenesis Symposium in Minneapolis aangebied. Die Mayo Skool het ook besluit om sy lesing sodanig te promoveer deur dit aan te bied as die enigste openingslesing by 'n lokaal verskillend van die waar die simposium aangebied is. Die organiseerders het derhalwe die deelnemers aan die simposium spesiaal na die historiese Blaisdell Manor, in Minneapolis vir die aanbidding vervoer.

Dr. Swart het as mede-outeur van die openingslesing en ook aktief in samesprekings deelgeneem. Meer as 30 akademici op hierdie gebied vanaf top-universiteite het deelgeneem en ook lesings aangebied by die simposium. Dié akademici is afkomstig van die Harvard Mediese Skool, Yale Universiteit, Stanford Universiteit, Weill Cornell Mediese Kollege en van universiteite van verskeie ander lande. Die lesing is opgevolg in Omaha, VSA, waar ek op uitnodiging 'n lesing rakende die nanotegnologie





gelewer het. Prof. Kock het verskeie openingslesings oor deurbrake op die gebied van nanotegnologie in die VSA, China en Europa gelewer.

Hierdie nuwe nanotegnologie vir biologie kan veral van hulp wees in die bestudering en ontwikkeling van nanomedisyne wat gebruik kan word in die behandeling van kanker en ander lewensgevaarlike siektes. Nanomedisyne gebruik nanometaaldeeltjies wat tot een biljoenste van 'n meter kan beslaan.

Hierdie deeltjies is meer as 100 000 keer kleiner as die breedte van 'n menshaar. Laboratoriumtoetse wys dat nanomedisyne antikankermiddels se effektiwiteit en spesifisiteit kan verbeter, wat behandeling minder giftig maak.

Volgens die Mayo-kliniekspan onder leiding van dr. Mukhopadhyay, ook bekend as die persoon met die "Midas Touch", kan nanodeeltjies beskou word as 'n goudgeweerpatroon wat direk op 'n kankergewas afgevuur word in vergelyke met donshael wat versprei deur die liggaam en ook gesonde selle aanval. Hierdie akkuraatheid beteken dat die chemoterapeutiese dosis verlaag kan word met minder nuwe effekte tot gevolg. Die Mayo-kliniek het bevind dat een tiende van die normale dosering op hierdie wyse meer effektief is teen pankreaskanker as die volle dosering sonder koppeling met nanodeeltjies. Hierdie nanomedisyne mag ook volgens die Mayo-kliniek die verspreiding van kanker vertraag.

Laboratoriumstudies het gewys dat nanometaaldeeltjies 'n "homing device" kan dra wat anti-kankermiddels spesifiek na kankergewasse kan stuur, ongeag waar dit in die liggaam voorkom. Hierdie is veral van belang in pankreaskanker wat baie keer versprei voordat dit gediagnoseer word. Volgens die Mayo Kliniek toon goudnanodeeltjies belofte om behalwe pankreaskanker ook leukemia en ovariese kanker te behandel.

Hierdie nanodeeltjies word dus gebruik as boodskappers wat anti-kankermiddels na kankerselle oordra waar dit dan die kankerselle selektief dood. Die vervoer en oordrag van hierdie middels met betrekking tot goudnanodeeltjies kan met die UV se nanotegnologie gevolg word om sodoende meer detail in te samel veral waar dit op die sel inwerk.

Dit kan lei tot die optimisering van huidige nanomedisynes asook die ontdekking van beter tegnieke om kanker mee te bestry. Met die nuwe nanotegnologie van die UV is dit moontlik om nanochirurgie op die selle uit te voer deur selle in nanometer dun skille op te kerf terwyl die werking van die nanomedisyne bestudeer word. Op hierdie manier kan vasgestel word waar die nanomedisyne op die sel inwerk en of dit met die tonnelljies geassosieer is.



Prof. Lodewyk Kock en dr. Chantel Swart voor die historiese Blaisdell Manor in Minneapolis waar hy die openingslesing aangebied het.

# Home to the best cardiology in

**A**ny given day is very hectic at the Unit for Paediatric Cardiology.

Many young patients need to have a consultation with one of the only two paediatric cardiologists in the Free State and receive treatment. Further, Prof. Steven Brown and his colleague, Dr Danie Buys, need to do their ward rounds – most of which are in the intensive care unit. They also train new doctors, attend faculty meetings and complete research assignments.

Despite this workload, the University of the Free State can boast with a very dynamic paediatric cardiology team and showcase a whole list of achievements.

The Unit for Paediatric Cardiology at the Department of Paediatrics and Child Health treats children from the

Free State, Northern Cape, Eastern Cape and a part of KwaZulu-Natal. Approximately 90% of these children are from the public health sector.

“It is very gratifying to know you are there to help all these children,” says Prof. Brown, who was the first medical student at the UFS to specialise in Paediatric Cardiology under the guidance of the now retired Dr André Bruwer, who laid the foundation for Paediatric Cardiology at the Faculty of Health Science.

“We treat families. Not just the children. Over the years this department has given a better quality of life to many children with heart defects and illnesses.”

He points out a photo collage of smiling children. Some of them date back to the mid-1990s.

These are the success stories of this unit.





# unit for paediatric South Africa

By René-Jean van der Berg

41

The Unit for Paediatric Cardiology can be favourably compared with the likes of the Unit for Paediatric Cardiology at the Red Cross War Memorial Children's Hospital in Cape Town and is currently seen as one of the best in the country.

This unit made history in Africa by being the first to implant a special pulmonary heart valve into a young patient and will also be the first to receive a Hybrid Cath Lab in Africa. With this new Cath Lab, expertise in the unit will also be greatly advanced.

Prof. Brown said, "That is very high-tech medical technology we will have here."

This innovative technology will allow a cardiac interventionist to work with a heart surgeon to diagnose and fix a heart problem in the same room and in the same procedure. Having the ability to diagnose and treat

problems in one procedure means safer care, faster healing and better recovery for our patients.

Traditionally, children with urgent problems discovered during a diagnostic procedure would move into an operating room for surgery during a separate procedure.

By allowing the experts to work together in a suite designed for hybrid procedures, patients can get the care they need faster, without using valuable time to transfer them to an operating suite.

"Why Bloemfontein?" Prof. Brown asks jokingly.

"Because here we have the best and most dedicated team and enjoy the support of our provincial Department of Health."



# Psigopatie vanuit Afrika-konteks bekyk

Deur Amanda Tongha

**H**ulle is die mense wat gemeenskappe terroriseer met misdaad, meestal gewelddadige misdade. Onder hulle tel moordenaars, verkragters, bedrieërs en gewapende rowers. Dis met hierdie mense, veilig agter tralies, wat dr. Sonja Loots, 'n postdoktorale navorsingsgenoot in ons Departement Sielkunde, vir haar postdoktorale navorsing gesels.

Dr. Loots is besig met 'n interessante studie wat kyk na simptome wat die meeste voorkom onder diegene in aanhouding wat as psigopate geklassifiseer word. Meer spesifiek kyk sy of Suid-Afrikaanse psigopate dieselde simptome toon as diegene in Westerse lande. Dis die eerste studie van sy soort in Suid-Afrika en sy hoop dit gee 'n beter idee van waarmee ons te doen het.

Vir haar navorsing voer sy in-diepte onderhoude met manlike en vroulike geïdentifiseerde psigopate. 'n Versoek aan die Departement van Korrektiewe Dienste om die onderhoude in tronke te voer is vroeër afgekeur en die onderhoude word nou met verhoorafwagtinges in polisie-selle in die Bloemfontein-distrik gedoen. Die onderhoude word gevoer met oortreders wat al voorheen in die tronk was.

“Ons fokus spesifiek op gewelddadige misdade en oortredings, nie noodwendig net moord nie. Een ding wat ek geleer het by prof. Dap Louw (haar mentor, sien artikel oor prof. Louw) is dat moordenaars oor die algemeen die minder interessante ouens is.” Sy sê die meeste moorde vind plaas onder mense wat op een of ander manier by mekaar betrokke is.

“Mense dink altyd psigopate is mense wat moord pleeg, maar bedrog is 'n baie groot kenmerk omdat dit so skelm is. Jy moet skerp wees; mense kry om jou te vertrou.”

Dr. Loots sê die onderhoude wat sy in polisie-selle voer, sal aandui of dieselfde aspekte in Suid-Afrika as in Westerse lande gemeet word.

“Wie sê al die literatuur oor psigopatie wat navorsers in Westerse lande doen, is van toepassing hier op ons? Is psigopatie dieselfde in hierdie multikulturele konteks as in die Westerse konteks? Watter invloed het kulturele agtergrond?” Sy noem dat die goue standaard vir psigopatie in die Westerse kultuur narsisme en absolute groothedswaan is.



Dr. Sonja Loots

“Ons mense se waardes is amper oudmodies. As so iemand narsisties is, is hulle byvoorbeeld nie so uitgesproke daaroor nie. Ons nommereen-simptoom is manipulasie en gebrek aan empatie. Westerse psigopate is meer luidrugtig en het groot ego's. Hulle manipuleer ook, maar dis op 'n ander manier.”

Dr. Loots sê navorsing oor psigopatie in Suid-Afrika lyk nie goed nie en daar is min kennis hieroor. In Amerika word meer as die helfte van gewelddadige misdade deur sowat 15% van die psigopate in tronke gepleeg. In Suid-Afrika is dit min of meer dieselfde. Sy hoop die studie gee 'n beter idee van waarmee ons hier te doen het.

“Misdadig is almal se probleem. Almal word geraak. Al daardie misdadigers gaan weer in die samelewing teruggeplaas word. In plaas van om net 'n paar jaar in die tronk te sit moet ons uitvind wie hierdie mense is, *what makes them tick* en watter programme kan 'n mens vir hulle aanbied sodat hulle nie erger dinge doen wanneer hulle uitkom nie.



# UV aan voorpunt van misdaadnavorsing

Deur Amanda Tongha



Prof. Dap Louw

**G**evangenisstraf het nie die afskrikkingseffek en rehabilitasiewaarde wat die meeste mense dink dit het nie, want tot 80% van misdadigers in ons tronke is oortreders met vorige veroordelings. Dit is volgens prof. Dap Louw, Buitengewone Professor in die Sentrum vir Sielkunde en die Reg in die Departement Sielkunde aan ons universiteit.

As daar iemand is wat weet hoe misdadigers en veral moordenaars se koppe werk, is dit dié forensiese sielkundige. Sy 35 jaar se ondervinding met misdadigers, wat ervaring van mense in die destydse dodeselle insluit, het hom al as deskundige getuie in die getuiebank van die mees opspraakwekkende hofsake in Suid-Afrika en Namibië geplaas.

“Die meeste mense dink nie daaraan dat, wanneer iemand na ’n gevangenis gestuur word, dit bloot

’n tydelike oplossing is nie – die persoon kom weer uit. En dit nadat hy met die skuim van die aarde deurmekaar was en as’t ware aan ’n misdaaduniversiteit afstudeer het. Daarby word ons belastinggeld daarvoor aangewend.” Hy beklemtoon egter dat gevangnisse wel ’n belangrike rol in misdaadbekamping speel, veral ten opsigte van diegene wat ’n gevaar vir die gemeenskap inhou en “persone wat nie wil luister nie”.

Maar dit is ewe waar dat daar te veel persone in ons gevangnisse is wat op ander wyses gestraf kan word wat meer voordele vir die gemeenskap inhou. “Dié mense moet vir ons werk pleks daarvan dat ons vir hulle moet werk.” Daar behoort ’n stelsel geskep te word waar nie-gevangensmateriaal waardevolle dienste in die gemeenskap kan verrig. Slagoffers behoort ook, waar moontlik, gekompenseer te word vir hul verliese. “Ek verkies dat my gesteelde televisie eerder deur die dief vergoed sal word as wat hy slegs vir ’n rukkie in die gevangenis gaan sit – waarvoor ek ook nog moet betaal.”

Almal is bekommerd oor die hoë misdaadsyfer, maar min diepgaande navorsing word gedoen oor die oorsake en bekamping van misdaad. Prof. Louw sê hy is inderwaarheid verbaas dat daar nie meer misdaad in die land is nie.

“Aangesien wetenskaplike navorsing bevestig dat omgewingsfaktore ’n belangrike rol speel in ’n persoon se vorming, behoort daar meer misdaad in Suid-Afrika te wees. Die omgewing waarin die meeste Suid-Afrikaanse kinders grootword, veral in ons townships, is ’n teelaarde vir misdaad. Meer as 50% van ons kinders word byvoorbeeld by ’n enkelouer groot, drie miljoen kinders gaan slaap elke aand honger (en dikwels koud), seksuele privaatheid tussen ouers en kinders bestaan weens gebrekkige akkommodasie dikwels glad nie.

“Misdadbestryding is soos ’n huisvrou wat vreeslik deur vlieë in haar kombuis gepla word. Elke maand spuit sy tientalle blikkies *Doom* leeg om die vlieë in haar kombuis dood te maak. Sy moet eerder gaan kyk waar die vlieë vandaan kom en die ashoop verwyder.

Prof. Louw sê sy droom is dat daar ’n multidisiplinêre sentrum vir misdaadnavorsing op die kampus gevestig word waar verskeie departemente en fakulteite hande vat om die misdaadprobleem aan te spreek.



# Teologie kyk benadering tot navorsing

44

UNIVERSITY OF THE FREE STATE | UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT | YUNIVESITHI YA FREISTATA



Foto: Leonie Bolleurs

Anlené Taljaard van die Departement Dogmatologie saam met proff. Francois Tolmie, Dekaan van die Fakulteit Teologie, en Allan Boesak, verbonde aan die Instituut vir Studies in Ras, Versoening en Sosiale Geregtigheid van die universiteit.



# indringend na sy en onderrig

Deur prof. Francois Tolmie

**D**ie Fakulteit Teologie het teen die einde van 2011 besluit om indringend te kyk na die manier waarop navorsing, onderrig en dienslewering aan die fakulteit benader word. Dit was gou duidelik dat hierdie sake nie bloot oppervlakkig ondersoek kan word nie. 'n Hele reeks gesprekke is dus geskeduleer, met verskeie sprekers van buite wat genooi is om die lede van die fakulteit en ander belangstellendes te kom help besin.

Die reeks het afgeskop met 'n werksessie aan die begin van 2012 waarin prof. Rian Venter, Hoof van die plaaslike Departement Dogmatiek, die omvang van die uitdagings wat die beoefening van teologie aan 'n postapartheid universiteit inhou en wat transformasie van kennis vir teologie behels, gekarteer het. Die volgende spreker was dr. Lis Lange van die Direkoraat vir Institusionele Navorsing en Akademiese Beplanning (DINAB) aan die universiteit, wat 'n gesprek gelei het oor die kurrikulêre implikasies van transformasie.

Dit is opgevolg deur 'n diepgaande besinning oor kritiese rasteorie en wat 'n ander benadering tot ras vir transformasie van die kurrikulum en navorsing aan die universiteit inhou. Die spreker hieroor was prof. Dennis Francis, die Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde. Hierna het prof. Crain Soudien van die Universiteit van Kaapstad en onder meer verantwoordelik vir die bekende Soudienverslag, aan die beurt gekom. Hy het 'n referaat gelewer oor die transformasie van hoër onderwys in Suid-Afrika en aangedui wat die implikasies daarvan vir

individuele fakulteite, dissiplinegroepe en die generering van kennis is.

Die fokus is vervolgens nouer getrek deur 'n aantal sprekers wat spesifiek op godsdiens en teologie gefokus het. Prof. Martin Prozesky, besoekende navorser van die Universiteit van KwaZulu-Natal, is vir 'n maand lank as prestige navorser by die fakulteit gehuisves en het in hierdie tyd verskeie bydraes tot die gesprek gelewer. Een hiervan het spesifiek gefokus op die manier waarop godsdiens aan Suid-Afrikaanse universiteite bestudeer kan word en watter geleenthede en uitdagings daar in dié verband is.

Vervolgens het prof. Allan Boesak die uitdagings en geleenthede waardeur teologiese opleiding in Suid-Afrika in die gesig gestaar word, belig. Prof. Conrad Wethmar van die Universiteit van Pretoria het 'n historiese perspektief kom bied oor hoe teologie wêreldwyd benader is, en watter keuses in verskillende tye hieroor uitgeoefen is. Die eerste internasionale spreker was prof. Bram van de Beek van die Vrije Universiteit (VU) in Amsterdam, Nederland. Hy het die manier waarop teologie aan die VU ervaar word, kom verduidelik.

Verskeie ander sprekers het 'n bydrae gemaak, onder andere dr. Johan van Zyl, Hoof-uitvoerende Beampte van Sanlam, prof. Harry Attridge, Dekaan van die Yale Divinity School, en prof. Wim Janse, Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Vrije Universiteit in Amsterdam.

Dit is duidelik dat daar 'n groot geleentheid is om 'n relevante bydrae tot beoefening van die teologie in Suid-Afrika te maak. Konkrete stappe sal geneem word. Dit sal onder meer veranderinge aan die kurrikulum en navorsingsfokus binne die fakulteit tot gevolg hê.

- Prof. Francois Tolmie is Dekaan van die Fakulteit Teologie.

**B**

# History made with unique heart operation

By René-Jean van der Berg

Dr Danie Buys

**T**wo paediatric cardiologists and their team in the Faculty of Health Sciences once again made history in Africa by implanting a special pulmonary heart valve.

"Today, we are extremely proud Free State citizens," Dr Danie Buys from the Department of Paediatrics and Child Health said moments after they successfully placed the Medtronic Melody pulmonary valve in a young patient at the Universitas Hospital in Bloemfontein. In the same week, five more of these pulmonary valves were placed in young patients.

This was the first time in Africa that the Melody valve was implanted. To date, only 3 000 of these valves have been implanted worldwide.

"It feels incredible to be part of a team of experts from the faculty," Dr Buys said.

The Medtronic Melody valve is delivered percutaneously through a catheter from the groin. This operation is







Prof. Steven Brown

for children and young adults who are born with a malformed pulmonary valve.

These children often require open-heart surgery at a very young age and later require additional open-heart surgeries to restore blood flow between the heart and the lungs.

Instead of opening the chest and the heart to work on the valves, this device is threaded through the large blood vessels of the groin and threaded up and into the heart, where work is done from the inside of the heart. This procedure is safer than open-heart surgery and recovery is much quicker.

Clinical studies in America and Europe have shown the device is effective and improves heart function.

Prof. Steven Brown, also a paediatric cardiologist at the UFS, said that of all congenital diseases, heart disease is most common. Many children born with heart disease are diagnosed very late and many die without ever receiving specialised care.

In 2011, Prof. Brown and two other cardiologists from the UFS, Prof. Hennie Theron and Dr JP Theron, also reached a medical milestone when they were the first cardiologists in South Africa to do a second generation Medtronic CoreValve implant on an elderly patient.

Prof. Brown and Dr Theron received the Kowsie Alumni Cum Laude Award for exceptional service for a specific profession.

**B**

# Kenneth pluus die fynere aspekte van sportkontrakbreuk uit

Deur Leonie Bolleurs

48

**P**rofessionele sportlui wat nie hul kontrakte met hul werkgewers eer nie, is 'n alledaagse verskynsel. Die tyd het gekom dat sportlui, en ook werkgewers, besef dat 'n kontrak nie bloot 'n stuk papier is nie, maar 'n juridiese handeling wat dit ten doel het om orde in die gemeenskap te skep deur die regulering van regsverhoudinge. So sê Kenneth Mould, dosent in die Departement Privaatreg aan die UV.

Kenneth werk tans aan 'n doktorsale proefskrif oor die vraag of die kontraktuele remedie van spesifieke nakoming die mees gepaste een is by kontrakbreuk van sogenaamde sportkontrakte. "’n Sportkontrak in hierdie sin verwys na die dienskontrak tussen ’n professionele sportman/-vrou en sy/haar werkgewer. Aangesien die "sportkontrak" *sui generis* (eiesoortig) is, vereis dit sekere oorwegings voordat ’n professionele sportman of -vrou wat kontrakbreuk gepleeg het, bloot deur ’n hof gedwing kan word om aan die kontrak te voldoen.

"Ek doseer self Kontraktereg en het oor ’n periode van sowat vyf jaar besef dat daar groot onsekerheid heers oor welke remedie die mees gepaste een sal wees by breek van hierdie spesifieke soort kontrak. Daar was tot op hede nog geen Appèlhofbeslissing hieroor nie, en derhalwe is dit noodsaaklik dat hierdie studie geloods word, wat moontlik aan die hof riglyne kan verskaf wanneer daar weer ’n soortgelyke saak voor die hof kom," sê Kenneth.

Hy is vir die graad LL.D. aan die Universiteit van Pretoria geregistreer aangesien sy promotor daar ’n wêreldkenner op die gebied is.

Buiten dat hy die geleentheid aangryp om navorsing te doen op ’n gebied wat vir hom interessant is en waar

daar ’n tekort aan voldoende navorsing is, gee Kenneth ook klas: Personereg vir eerstejaars, Kontraktereg vir tweedejaars, Verbintenisreg vir derdejaars, en dan ook studieleiding aan sowat 15 finalejaars vir hulle LL.B.-skripsie. Op nagraadse vlak bied hy die kursus Gevorderde Kontraktereg vir sowat 12 studente aan.

Hyself was ook ’n student hier by die universiteit. Nadat hy in 1998 aan Grey Kollege gematrikuleer het, het hy in 2002 die graad LL.B. behaal; LL.M. in 2004 en ’n B.A. Honneurs in Engels in 2008.

"Ek is in 2005 toegelaat as prokureur en transportbesorger, en het vir sowat twee en ’n half jaar gepraktiseer voordat die geleentheid by die universiteit oor my pad gekom het," sê hy. Kenneth werk nou vyf jaar by die universiteit en sê een van die lekkerste dinge van sy werk hier is die gevoel dat sy navorsing ’n bydrae maak tot sy vakgebied.

Kenneth is self mal oor alle sportsoorte – dit is nie net ’n belangstelling op regs- en akademiese vlak nie. "Ek is nie eintlik ’n kranige sportman nie, maar neem aan padwedlope deel om fiks te bly en om bietjie met mense om te gaan," sê Kenneth.

**B**





Kenneth Mould

# Creating a research-intensive university

By Francois Strydom

**H**ow important is teaching and learning in creating a research-intensive university? This is one of the complex questions facing academic staff, management and the Centre for Teaching and Learning (CTL) at the UFS. As this is a question facing universities worldwide, significant research has been done in the quest to find an answer. A recent study showed that quality teaching and learning is one of the distinguishing features of international elite research institutions.<sup>1</sup> In light of this finding, we would like to mention a few reasons why a focus on teaching and learning is critical in supporting the development of the UFS as a research-intensive university.

## Quality teaching and learning develops professional and research talent

Quality teaching and learning engages students in specific disciplines and helps students to develop a passion for a professional and/or academic career. In elite research institutions, undergraduate teaching is increasingly including undergraduate research projects to stimulate the interest of the next generation of academics. The ability to teach effectively has been recognised as a key characteristic of talented staff for centuries as the quote from Aristotle suggests: “The one exclusive sign of thorough knowledge is the power of teaching.”<sup>2</sup>

## Quality teaching and learning ensures financial sustainability

From a financial sustainable perspective, the combination of the teaching input and teaching output components of the 2012 subsidy to the UFS constitutes 79% of the total subsidy from the state. Student numbers (retention and success, which can be improved by better teaching and learning) constitute approximately 85% of SLE allocations to faculties.<sup>3</sup> Therefore, the critical challenge for the UFS is to balance the importance of quality teaching and learning with the importance of growing a new generation of researchers, while also increasing research outputs.

## New teaching and learning approaches are critical in a world disrupted by technology

The rise of free Massive Open Online Courseware (MOOC) is considered by some as a game changer with institutions such as Stanford University offering branded statements of accomplishment.<sup>4</sup> The nagging question posed by these and other technological developments is “What is the extra value added by the local degree and what does this mean in terms of course content and integrating technology into teaching and learning?”

The creation of the CTL, with the mission of scholarship-driven advancement of innovation and excellence in teaching and learning, was approved in March 2012. The CTL is committed to working in collaboration with faculties to develop interventions that benefit departments, individual staff and students in a quest to meet the challenges of a twenty-first century teaching and learning environment so critical to facilitate the creation of a research-intensive university. For more information on the CTL visit: <http://ctl.ufs.ac.za>.

Dr Francois Strydom is Director of the Centre for Teaching and Learning at the UFS.

1 Altbach, P. & Salmi, J. (2011). *The Road to Academic Excellence: The Making of World-Class Research Universities*. Washington DC: The World Bank.

2 Hamilton, W. (1968). *Discussions on philosophy and literature, education and university reform*. New York: Harper & Brothers.

3 Figure calculated in consultation with UFS Finance Department.

4 Marginson, S. (2012). Yes, MOOC is the global higher education game changer – *University World News*. Retrieved August 29, 2012, from <http://www.universityworldnews.com/article.php?story=2012080915084470>.



# The South Campus is vibrant and productive

By Prof. Daniella Coetzee



The **School of Open Learning (SOL)** got momentum and, apart from the distance delivery of qualifications for in-service teachers in collaboration with the Faculty of Education, a partnership was entered into with AdvTech (Varsity College), the Faculty of Law and the SOL to deliver the UFS four-year LL.B. at seven Varsity College venues as from 2013.

